Vrydag 15 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 8:28-34 (AFR53)

Fokusgedeelte: Matteus 8:29, 34

## Christus betoon genade aan 'n besetene

Dit wil partykeer voorkom of ons as gereformeerdes tevrede is met die eenvoudige kennis van God. Dit is vir ons die kern van God se genade: dat ons Hom mag ken.

Dat ons kennis van God genade is, kan nie in twyfel getrek word nie, dit is absoluut. Kennis alleen is egter nie genoeg nie. Kennis van God, selfs wat Christus betref, red nie die mens nie. Dit kom alles neer op die geloof. Die duiwels weet baie goed wie die Here Jesus Christus is. Hulle noem Hom "die Seun van God" as hulle met angs Hom in hulle teenwoordigheid sien. Hulle weet wie Hy is en hulle vrees. Waarom vrees hulle? Want hulle is sy vyand. Hulle kan Hom nie in vrede ontvang nie, want hulle is onder sy mag en oordeel.

Later sien ons dat iets van hulle afgesmeer het aan die Gergeseners wanneer hulle Hom smeek om van hulle af weg te gaan. Hulle het gehoor hoe Hy die besetenes bevry het wat die mense so seergemaak het wat op die pad beweeg het waar hulle gewoon het. Hulle beleef sy kragtige woord en sien sy genade, maar hulle wil dit nie hê nie. Eerder as om hulle siekes en swakkes na Hom te bring, wil hulle Hom weg hê.

Hierin moet 'n mens besef dat die genade wat God ons bewys die kennis van Hom in sy Seun is, maar net soveel die liefde wat ons vir Hom het. Dié wat Hom liefhet, kom in hulle swakheid na Hom en verlang om deur Hom verander te word. Dié wat nie na Hom toe wil gaan nie en eintlik moeite doen om Hom te vermy, moet vra waarom hulle so bang is vir Hom. Bang wees is gewoonlik die oorsaak van die sonde wat ons nie wil afgee nie.

Selfs al is u nou bang om voor Hom te kom, weet sy genade is groter as ons bang wees. Hy het die duiwels beveel om die besetenes te verlaat, en hulle moes. Hy sal aan u ook sy genade bewys en u losmaak van die sonde wat u met angs van Christus laat wegbly sodat u in liefde vir Hom na Hom kan gaan.

*Sing: Psalm 31-1:1, 2*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*